Lows Creek Keerwal

L

# LAERKAAP BESPROEIINGSRAAD
# LOWER KAAP IRRIGATION BOARD

Your Ref: 12/2/X203/94
U Verw: DVK 88.DOC

Our Ref:
Ons Verw: Low's Creekdam

Rite-Valuegebou / Building
Airstraat Suid / Air Street South
Posbus / P O Box 382
MALELANE 1320
Tel: (013) 790-0591
Fax: (013) 790-0591
E-Mail:ronelle.putter@mweb.co.za

03-04-2001

Direkteur-Generaal
Departement Waterwese & Bosbou
Privaatsak X313
PRETORIA
0001

**AANDAG: L E MAKGERU**

Meneer

**DAMVEILIGHEIDSWETGEWING: KONSTRUKSIE VAN VOORGESTELDE LOW'S CREEKDAM (KEERWAL) OP GEDEELTE 1 EN 2 VAN DIE PLASE ESPERADO 256 EN ESPERADO ANNEX 222 JU, DISTRIK BARBERTON**

U skrywe gedateer 2001-03-13 verwys.

Die Raad is steeds van voorneme om voort te gaan met die konstruksie van die voorgestelde keerwal en is die Raad angstig om die keerwal gedurende die winter van 2001 op te rig.

Die Raad bevind hom egter nou 'n tipiese "catch 2" situasie waar die Departement van Waterwese vereis dat die Departement van Omgewingsake geken word en hulle goedkeuring verleen aan die konstruksie van die dam. Departement Omgewingsake vereis egter dat die Raad oor goedkeuring vanaf Departement Waterwese beskik vir die opgaring van die water. Hierdie proses vertraag nou reeds die vordering van hierdie projek vir etlike maande. Tans word gewag vir goedkeuring (of 'n lisensie) vanaf DWAF vir opgaring van water. By ontvangs daarvan word dit tesame met al die ander vereise dokumente aan Omgewingsake voorsien, waarna voortgegaan kan word met die aansoek vir 'n lisensie vir die konstruksie van die wal.

Sodra al bogenoemde prosesse afgehandel is, sal u dienooreenkomstig in kennis gestel word.

Vriendelik die uwe

**R M PUTTER (ME)**
**SEKRETARIS**